# SAWA RIETVALLEI

## San Cha Len November 2023

## Selle Ou Storie

Op 'n warm lente laatmiddag sê die N1 padpredikant "Bela-Bela 500m" en die padopperevlakte is sommer donkerswart van 'n lekker bui reën wat nounounet hier geval het. In hierdie wêreld, so onthou ons, beweeg reënbuie in die algemeen in 'n noordwestelike rigting. Dit laat my wonder of ons vandag in die reën gaan opslaan soos 'n vorige keer. Maar nou ja, opslaan moet ons opslaan, al is dit net om vir Wa staan te maak vir 'n ander dag se uitskud en regskud.

Die grondpad na die oord is nog net dieselfde; sand, nog sand en sinkplaat. Gelukkig is dit goeie sinkplaat. Die pad is eintlik nie so sleg nie en 'n paar van "onse mense" voel dat die grondpad na Dube 'n hoër rateltand kwaliteit het. Mens kan sien dat die plaaslike manne bande hier rond sleep om die rybaarheid van die pad te verbeter.

Aangekom by die oord, staan Whitey se nommer op die hek en wanneer hy antwoord, is dit op jou eie naam (praat van kliënte verhoudings!) en sê jy moet sommer aanhou met die pad tot by jou staanplek. Hy het gelukkig vir vriend Bertus aangesê om ons te ontvang en te help uitspan. Van die reën het daardie dag toe niks gekom nie. Lekker rustig opgeslaan en die wêreld so-en-so bekyk om rustig tot bosveldverhaal te kom. Asof jy dink jou oë bedrieg jou, kom Linda van Vuuren daar veby gestap. Vanwaar Linda? "Nee-wat, kuier al héél week hier in 'n huisie!" By Dalena-hulle sit hulle reg om die aandete te geniet. Sieg en Annatjie hou vrede by 'n houtvuur en Jasper kyknet. Mel en Lettie is al na binne en ons sien Daan en Elize-hulle is ook hier; Daan met witverbandhand en al. Tannie Ann se lag sê van ver af sy is ook hier en sy geniet die geselskap.

Vrydag om 08:00 staan Sieg en Frans-hulle reg om die sandpaaie van SanChaLen te gaan stap. Dis sommer vroegvroeg al aan die warm kant, maar dit maak nie regtig saak nie want ons is in die bosveld! Die wild op die plaas het gewag dat die stappers verby kom en toe spring hulle ewe windmakerig daar weg met gesnork van uitbundigheid. Die veld is opvallend groener sedert die Hartbeehoek saamtrek in September. In die stap kyk ons na al die spore wat die veldlewe vir ons in die sand gelaat het; van miskruiers wat hul skatte in die "grootpad" aan rol (of verdedig),

kleinwild spoortjies en dan veral 'n soort van sleepsel-spoor wat so al langs die grensdrade hou en dan skielik in 'n woeste gekrabbel verander vir 'n meter of wat. Sieg weet te vertel dat dit die spoor van die betreklik algemene Henricus Hillus is, wat skynbaar'n poging tot eiendomverwerwing beoefen het. Die verskynsel kan glo onder andere toegeskryf word aan die baie los sand in die pad. Gelukkig was dit 'n minder ernstige voorval, want die oefening is Saterdag herhaal. Sou dit ook die geval met Wilhelmus de Jongeheer gewees het?

Die saamtrek is Vrydagaand afgeskop (klink dit nie bietjie erg nie?) met verwelkoming deur Frans en boekevat deur Elmarie. Elmarie het die beeld van 'n bril gebruik om ons lewensbeskouing te versinnebeeld. Die gehalte van die bril waardeur ons ons wêreld sien, kleur of tint ons lewenservaring; 'n negatiewe bril kan ons mislei om dinge negatief te sien. 'n Positiewe bril, kan ons lewenservaring positief kleur. Na boekevat is die bure-se-vure aangesteek om te gaarmaak, maar veral om te lekkerkuier.

Saterdag was 'n sommer-niks-doen-dag. Sieg en André is vroegerig op 'n drafstap daar weg om gou om die kamp te gaan stap, terwyl Frans en die res bietjie later ook daar weg is om die sandpaaie te probeer. Henry en Willem het met hul fietse gaan ry. "Tuis" het Elmarie en Dalena-hulle begin om die vrugte voorgereg in orde te kry. Die res van ons het warm gekry. Whitey, Maret en hul span het so deur die dag gesorg dat dinge op hulle plekke kom vir die aandfunksie. Onse Dames was so gaaf om die versiering en die afronding van die tafels en die omgewing te versorg. Die res het steeds warm gekry. Soos dit al te vore gebeur het by San Cha Len wanneer Rietvallei jaareindfunksie hou, koel 'n lekker donderbui die omgewing af en kondig 'n paar donderslae (bietjie naby vir gerief) aan dat alles nou gereed is, maar nie voordat Stefanie gou seker gemaak het dat daar nie té veel "Turkish Delight" lekkers (kalkoenverdriet?) uitgedeel is nie.

Pieter le Roux het die geleentheid met skriflesing en gebed geopen. Die rustige gemaklikheid waarmee Pieter dit gedoen het, is kentekenend van jare se ondervinding en innerlike oortuiging. Hy het ons vertel van die legende van die vierde wyse man, met verassende uitkoms (Matt 25:40) "Vir sover julle dit aan een van die geringste ...gedoen het, het julle dit aan My gedoen".

Die aandete is voorberei en voorgesit deur Maret van SanChaLen. Dit was smaaklik keurig, sonder fieterjasies en ruimskoots genoeg. Vir nagereg was daar malvapoeding met vla, soos spesiaal versoek deur Pieter Viljoen. (Toe kon hy nie eens daar wees om dit kon geniet nie; maar nou-ja, as die werk roep en daar is motorfietse betrokke ...) Die aand is afgesluit met koffie en nóg lekker kuier.

Sondag Boekevat is deur Frans Scholtz gelei. Hy het gevra wie Jesus is en antwoord die vraag met aanhalings uit die Skrif. Hierop het hy gebou deur deur die persoonlike vraag te te vra: "Wie is Jesus vir JOU?" Hy het beklemtoon dat Jesus ons enigste middelaar tot God is. Hy het ons aangemoedig tot 'n persoonlike en intieme verhouding met God. Frans het onder andere gesê dat mense wat 'n intieme verhouding met God lewe, lewe met hoop, by hul medemens betrokke raak met liefde en goeie dade, wat met ywer deelneem aan geloofsbyeenkomste en dors na God se woord deur gereelde studie van die Bybel en gebed en wat voortdurend met die oog op Jesus se terugkoms lewe.


Na boekevat het Frans ook die saamtrekafsluiting hanteer. André en Wilna Swartz is as nuwe Rietvalleiers verwelkom. Hulle kom van Streek Bosveld, maar is lank reeds bekend tussen die Rietvalleiers; selfs voor die ontstaan van Rietvallei.

Soos 'n lekker reënbui 'n jaareindfunksie aankondig, so vertel die koue waatlemoene uit SanChaLen sy yskaste dat die Rietvallei kalenderjaar op sy sy gaan lê het. Dan net oppak en goeie wense tot volgende jaar, mits jy nog 'n dag of wat saam met Whitey en sy mense wou kuier.

Saterdag, van die saamtrek, is 'n herdenkingkingsdiens vir Hilly Henze by de Meerpaal gehou. Henry en een of twee ander het spesiaal gery om dit by te woon. Al kon ons dit nie bywoon nie, was Hein en Hilly se mense maar altyd in ons gedagtes. Ons bid julle vertroosting en goeie moed toe vir die tye wat kom. Dit was 'n voorreg om Hilly te mag ken en ek sal haar hartlikheid onthou.

(Johan la Grange)

# Afsluiting 2023 San Cha Len













## Smulgeregte







Saterdag aand kuier



SONDAG









Links bo – Frans
Regs bo – Frans, Stefanie, Bertus, Dalena, Johan, Erna, Pieter, Elmarie, Tjaart en Marietjie.

Onder - Rietvaleiers




(**Fotos: Marietjie**)

## Ek't nou genoeg gevandag vir vandag .... Ek's nou Klaar!